**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**MOONTLIKE ANTWOORDE VIR :** **AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG (Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfwerk en Letterkunde) (SLEGS VIR DEELTYDSE KANDIDATE)**

---

**VRAAG 4**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Dit gaan oor iemand wat met orrels handel dryf. | (1) |
| 4.2 | Ek/Eerstepersoonverteller. 'n Jong seun/oom Adriaan se neef. | (2) |
| 4.3.1 | Oom Adriaan. | (1) |
| 4.3.2 | Nee. | (1) |
| 4.4 | Die gesin gaan uitbrei/daar is 'n baba op pad. | (1) |
| 4.5 | Hy is ongeskik vir sy werk verklaar. | (1) |
| 4.6 | "Ik kijk enigzins verbaasd ..."/"zijn laatste kind is achttien jaar geleden ..." | (2) |
| 4.7 | 50 gulde. | (1) |
| 4.8 | Tinus. | (1) |
| 4.9 | Kap 'n deel van die muur uit of beskadig die orrel. | (2) |
| 4.10 | Hulle het dit met 'n katrol/hyskraan gedoen. | (1) |
| 4.11 | By Jaap Schaap se winkel/pandjieswinkel. | (1) |
| 4.12 | 'n Speelhok vir 'n kind/kleuter. | (1) |
| 4.13 | Hy moet hom help en dan vergoed hy hom nie daarvoor nie. | (2) |
| 4.14 | Moenie verkoopsmanne vertrou nie.Daar is baie bedrog in die sakewêreld/oneerlike mense lyk dikwels onskadelik. | (2) |
| | | **[20]** |

## VRAAG 5

Die tema van hierdie verhaal kan omskryf word as die begeerte om kwaliteit diens te lewer sonder om die self te verryk. Die herbergier was so 'n mens wat mensgerig was. Hy het dit baie geniet om sy gaste tevrede te sien. Daarom het dit hom min geskeel hoeveel wins hy uit sy herberg maak. Dikwels het hy sy gaste nie onmiddellik laat betaal nie.

Hierdie besondere houding of ingesteldheid van die herbergier, het sy herberg baie bekend gemaak en mense het uit alle uithoeke van die land daarheen gestroom. Hy was veral bekend vir sy vleisgeregte en baie besoekers het voorgegee hulle kom die kunsskatte van Pidalgo besigtig, terwyl hulle eintlike doel was om in die herberg te oornag. Die herbergier was 'n toonbeeld van offervaardigheid en daarom was sy herberg die gewildste in die hele Pidalgo.

As gevolg van 'n misoes het daar hongersnood gekom en die herbergier kon later nie meer volhou om sy vroeëre voortreflike diens te lewer nie. 'n Sekere hertog kom toe daar verby en versoek hom om oor 7 dae 'n ete vir tien mense voor te sit. Die herbergier het sy eie been afgesit en dit deel van die dis gemaak. So het hy homself as't ware vir die ander gaste geoffer.

Ek sou, indien ek die herbergier was, ook so opgetree het. As 'n mens gewild en gelief by ander mense is, wil jy graag so bly en die enigste wyse waarop ek dit sou kon doen, is om myself op te offer. Ek sou seker vleis in die hande kon kry, maar daar was beslis nie geld nie. Dalk sou ek rotte of voëls kon doodmaak, maar aangesien daar hongersnood was, sou dit sekerlik ook nie moontlik wees om dié tipe diere te bekom nie, aangesien ook hulle seker nie 'n bestaan sou kon maak nie. **[20]**

## VRAAG 6

6.1 Bekkie Viljee se huis. Hy is in die tronk. (2)

6.2 Dit beklemtoon die gemis. (2)

6.3 Omdat sy siek is. (1)

6.4 Gesig / reuk // oë, neus // sien- ruik. (2)

6.5 Goeie visserman – swak kok / huishouer
OF onbedrewe – onhandig. (2)

6.6 Enige TWEE:
Hy is skelm (smokkel).
Hy het nie geld nie / is arm.
Hy kies die maklikste uitweg.
Is nie bereid om op te offer nie.
Hy het weinig gevoel vir sy vrou. (2)

6.7 Kanker. (1)

6.8 Die siekte raak hom. (2)

6.9 Toe hy laas daar was, kon sy nog regop sit en glimlag. Nou lê sy plat. (2)

6.10 Frannie se ma word vergelyk met 'n lyk in 'n kis. (2)

6.11 Verward/geskok/selfbewus/die reuk pla hom. (2)
[20]

**VRAAG 7**

7.1 Stenekamp is geflous deur die vissak wat Frannie terug in die water gegooi het. Hy dink dus hulle het nie met die kreef weggekom nie. Hy wil hulle net die skrik op die lyf jaag.

Moontlik weet Stenekamp van die vrou en moeder wat ernstig siek is. Uit meegevoel weier hy om hulle onder daardie omstandighede te vervolg.

Stenekamp het moontlik alkohol gebruik en voel skuldig oor Frannie se pa se opmerking oor "dronk kreefspietkops". As hy dronk was, sou hy ook nie 'n betroubare getuie in die hof kon wees nie. (5)

7.2 Die verteller kon nie anders nie as om 'n leuen vir Ouboet te vertel. Nadat hulle pa weg is, het Ouboet saans geweier om gebad en aangetrek en in die bed gesit te word as hy nie 'n mooi storie oor sy pa, sy held, kon hoor nie. Die verteller hou vol met die leuen omdat hy bang is Ouboet rand hom aan. Hierdie situasie lei tot innerlike konflik. Die verteller weet hy lieg, maar besef ook hy sal, om die vrede te bewaar, moet aanhou lieg. Die verteller is slapeloos en hoop Ouboet sal die leuen vergeet. Hy verwyt homself dat hy met die leuen volhou. Hy kry angsdrome dat sy pa terugkom; iets wat op 'n chaos sal afstuur. Eintlik sit hy tussen twee vure; Ouboet en Pa. Vir Ouboet is hy bang omdat hy impulsief kan optree.

In die slot word die verteller se probleem nie opgelos nie. Hy vlug eerstens weg van die probleem af en bevind homself in 'n onherbergsame gebied; ook geestelik. Hy bely hardop dat hy bang is. Tussen die kliprante skreeu die verteller die waarheid uit, nl. dat Ouboet 'n sot en idioot is, dat hy nie tien is nie, maar veertig, dat Pa en Ma nooit getroud was nie en dat Ma 'n slet was wat haarself aan 'n laken opgehang het (selfmoord). (15)
[20]

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 80**

## NASIENTABEL: FUNKSIONELE SKRYFWERK (15)

| INHOUD | TAAL EN STYL |
|---|---|
| **RYK**<br>1. Buitengewone, oorspronklike interpretasie van die onderwerp.<br>2. Besondere konsentrasie op die onderwerp.<br>3. Briljante sintuiglike waarneming en meelewing.<br>4. Duidelik-omlynde sentrale tema.<br>5. Duidelike progressie.<br>6. Werk vorm 'n afgeronde geheel.<br>7. Sterk oortuiging. | **PUIK**<br>1. Ryk, oorspronklike beelde - funksioneel.<br>2. Afrikaanse idioom uitnemend aangebied - oorspronklik.<br>3. Taal deurleef en goed genuanseerd.<br>4. Buitengewone taalaanvoeling; oorspronklike sinsbou.<br>5. Gebruik leestekens as uitdrukkingsmiddel.<br>6. Alle taalmiddele dra by tot gebalanseerde geheel; maak skryfstuk briljant. |
| **BAIE GOED**<br>1. Interessante, oorspronklike onderwerpvertolking.<br>2. Konsentrasie, maar geringe afdwaling.<br>3. Paragrawe nie meer heg verbind nie.<br>4. Besondere sintuiglike waarneming.<br>5. Sentrale tema: omlyning minder duidelik.<br>6. Mindere progressie.<br>7. Afgeronde eenheid. | **BAIE GOED**<br>1. Taal beeldryk (funksioneel) of nugter (konkreet).<br>2. Idioom, taal: funksioneel.<br>3. Taal grootliks oorspronklik; woordeskat getuig van breë taalkennis.<br>3. Korrekte paragrafering, sinsbou, punktuasie; natuurlikheid ontbreek.<br>4. Styl vloeiend: oorspronklikheid ontbreek bietjie.<br>5. Taal klinies korrek, maar kort deurleefdheid. |
| **GOED**<br>1. Vanselfsprekende onderwerpsiening.<br>2. Onderwerpgerig: konsentrasie ontbreek.<br>3. Sentrale tema: sporadies.<br>4. Progressie fragmentaries.<br>5. Sintuiglike waarneming: meer algemeenhede.<br>6. Bevredigende afgeronde eenheid.<br>7. Bevredigende oortuigingskrag. | **GOED**<br>1. Beperkte beeldende of nugter taalgebruik: skemer soms net deur.<br>2. Idiomatiese taal onbevredigend.<br>3. Oorspronklike taalgebruik beperk, maar taal steeds bogemiddeld.<br>4. Paragrafering, sinsbou, punktuasie toon foute; spelfoute kom voor.<br>5. Weinig sprake van eie styl: skryf korrek soos geleer.<br>6. Goeie skryfstuk, maar sonder aanvoeling en deurlewing. |
| **ALLEDAAGS**<br>1. Geen spesifieke siening van die onderwerp nie.<br>2. Konsentrasie verbrokkel: afdwaling.<br>3. Geen opvallende sentrale tema nie.<br>4. Progressie: min.<br>5. Doodgewone waarneming: geen treffende siening nie.<br>6. Paragraafskakeling ontbreek: eenheid gaan effe verlore.<br>7. Argumente bietjie onoortuigend. | **GEMIDDELD**<br>1. Nie werklike beelde of nugter taalgebruik nie; wat gebruik word, is oorbekend.<br>2. Meer vaaghede in formulering - soms onbeholpe.<br>3. Onoorspronklike taalgebruik.<br>4. Anglisismes; foutiewe woordkeuse.<br>5. Paragrafering willekeurig; hegte bou ontbreek; herhaling van gedagtes.<br>6. Foute t.o.v. punktuasie, sinsbou, woordorde, onvoltooide sinne.<br>7. Alledaagse skryfstyl; skryftegnieke ontbreek of oordryf. |
| **ONDERGEMIDDELD**<br>1. Siening, inhoud slegs plek-plek ter sprake.<br>2. Konsentrasie: aanbieding grootliks onsamehangend.<br>3. Sentrale tema ontbreek.<br>4. Geen progressie nie; patroon staties.<br>5. Beskrywing en waarneming vaag en kleurloos.<br>6. Skakeling: paragraafbou verbrokkel.<br>7. Lengte verontagsaam. | **ONDERGEMIDDELD**<br>1. Uitdrukkingsvermoë lomp en vaag; geen beeldspraak en styl-figure nie; slegs afgesaagdes.<br>2. Verbeeldinglose taal; beperkte woordeskat.<br>3. Paragrafering foutief; sinsfoute algemeen en punktuasie terloops; beperkte gebruik van leestekens.<br>4. Styl omslagtig en onbeholpe.<br>5. Baie spelfoute.<br>6. Toenemende anglisistiese inslag. |
| **ARM**<br>1. Onderwerp nie ter sake nie - geen insig nie.<br>2. Oppervlakkig - 'n doellose geklets.<br>3. Geen tema nie: patroon ontbreek.<br>4. Onoorspronklik.<br>5. Gedagtes los en sonder verband.<br>6. Growwe verontagsaming van lengte. | **SWAK**<br>1. Kan nie gedagtes oordra nie.<br>2. Taal lomp, onbeholpe, beperk.<br>3. Baie spelfoute; min eenheid.<br>4. Skryftegnieke verkeerd.<br>5. Algemene foute.<br>6. Druipeling. |
| **MISGETAS**<br>1. Inhoud niks te make met onderwerp nie.<br>2. Deurmekaar sameflansing van niksseggende gedagtes.<br>3. Growwe verontagsaming van lengte.<br>4. Besliste druipeling. | **BEROERD**<br>1. Idioom lomp en onbeholpe.<br>2. Geen skryftegniek nie.<br>3. Geweldig baie foute.<br>4. Geen struktuur nie.<br>5. Volslae druipeling. |

# GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
# AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG EN SG
# NASIENTABEL VIR LANGER OPDRAGTE
# LITERATUURSTUDIE VRAESTEL 2

| | | TAAL EN STYL | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 20<br>15<br>10 | SKITTEREND | BAIE GOED | GOED | GEMIDDELD | REDELIK | SWAK | BAIE SWAK |
| INHOUD | RYK | 20<br>15<br>10 | 19<br>14<br>9 | 18<br>13<br>9 | 16<br>12<br>8 | 15<br>11<br>7 | 14<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 |
| | VOLLEDIG | 18<br>14<br>9 | 17<br>13<br>9 | 16<br>12<br>8 | 14<br>11<br>7 | 13<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 10<br>8<br>5 |
| | EERSTEKLAS | 16<br>12<br>8 | 15<br>11<br>8 | 14<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 11<br>8<br>6 | 10<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 |
| | GEMIDDELD | 14<br>11<br>7 | 13<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 10<br>8<br>5 | 9<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 6<br>4<br>3 |
| | ONDER-GEMIDDELD | 12<br>9<br>6 | 11<br>8<br>6 | 10<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 7<br>5<br>4 | 6<br>5<br>3 | 4<br>3<br>2 |
| | SKRAAL | 10<br>8<br>5 | 9<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 6<br>5<br>3 | 5<br>4<br>3 | 4<br>3<br>2 | 2<br>1<br>1 |
| | ARM | 8<br>6<br>4 | 7<br>5<br>4 | 6<br>5<br>3 | 4<br>3<br>2 | 3<br>2<br>2 | 2<br>2<br>1 | 1<br>1<br>0 |